

13 Junie 2021

BATZ

1 Samuel 16:1-13

wat wil jy vandag bereik?

**GOD SALF ONS OM VIR
GOD TE WERK.**

ons **storie** (waar is ons nou?)

Partykeer is daar iemand wat iets regkry, maar jy het dit glad nie van haar of hom verwag nie. Kan jy aan so iemand dink?

Watter tipe mense kies ons graag as leiers? Hoekom?

Hoe kies God leiers? Wat sal gebeur as ons leiers kies soos God leiers kies?

GOD se storie

wat sê die Bybel (daar en dan)

Lees **1 Sam. 16:1-13** saam en kyk die **Oupa Abie video** wat gaan oor die teksgedeelte. Gesels dan oor die volgende saam:

Hoe help Manie Muisenberg jou om oor die teks te dink?

Watter seun het Samuel gedink gaan God kies? Hoekom?

Watter leier het God gekies as koning? Hoekom?

Samuel haak vas by iets wat verkeerd geloop het (Koning Saul). Wat doen God?

Ouers
erosBATZ
(Gr. 4-6)



Herinner almal weer waarom Koninkrykstyding gaan met van die simbole van verlede week – ons vier Jesus se heerskappy in die wêreld (kroon) en ons word as dissipels (plakkies) uitgestuur na die wêreld (aardbol).

Nous volg drie hoofbewegings in ons kategetiese-benadering.

1. Ons eie storie

Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.

2. God se storie

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daarvoor.

Vrae oor die teks word gevra.

3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.


ons **nuwe** storie (verder en voor)

(Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

God kies jou ook. Hoe laat dit jou voel?
Hoe laat dit jou anders dink oor jouself en hoekom jy hier is?

Hoe kies 'n mens 'n leier?

Hoe kan jy seker maak dat God se krag deur jou werk?



Laat die kinders na die volgende uitrustings kyk en besluit wie van hulle se troue dit was.



Prins en Prinses van Japan



Prins Charles en Camilla



Prins en Prinses v Brunei



Prins Willem van Nederland.



Die Prins en Prinses van Denemarke

Wat ons almal sal doen is om na die uitrustings te kyk en te kyk wie lyk die meeste daarna of hulle vandag gekroon gaan word. Die regte antwoord is dat dit die inhoudingsgeleentheid van Prins Willem van Nederland was... Tog doen ons presies soos die ou profeet Samuel wat na die uiterlike gekyk het. Maar God kyk anders. Hy kyk na wat in ons hart en gedagtes aangaan.

Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Laat die leier 'n bietjie olyfolie saambring. Gewone sonneblom-olie of selfs baba-olie is ook reg.

Laat die kinders mekaar salf. Maak 'n kruisie op mekaar se voorkop en sê: "God het jou gekies."



Bid vir mekaar

Bid vir die leiers van die wêreld.

Bid dat Jesus se Koningskap deur julle duidelik sal wys.

Dank God vir sy liefdevolle koningskap.



DinkJeug Familie App

Luister hierdie week na nog oordenkings oor Dawid wat ook 'n digter, herder, musikant en goeie vriend was, op die DinkJeug Familie App.



Maandag 1 Samuel 16: 6-12

Samuel soek weer 'n Koning!

Dinsdag Joh 1:12-13

Dawid se familieboom

Woensdag Psalm 139:13-18

Dawid, die digter en herder

Donderdag 1 Samuel 16:18-23

Dawid, die musikant

Vrydag 1 Samuel 19:1-4

Dawid, die goeie vriend

Laai die app af by:

Google Play:

<https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en>

Apple iStore: <https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715>




'n Inkleurprent wat julle kan uitdruk en saam inkleur.

Prent vanaf www.craftingthewordofgod.com

1 Samuel 16:7

Mense kyk hoe iemand lyk, maar die Here kyk wat in iemand se hart is.





AKTIWITEITE

Dawid was 'n skaapwagter - hoeveel skape kan jy op hierdie bladsy vind?



Watter pad moet die skaap volg om terug by die skaapwagter te kom?



Kan jy 8 verskille tussen die twee prente kry?

Teken groot krabbels vir die skaap se lyf en teken dan 'n lieflike, groen veld met heerlike gras vir die skaap om te eet!

